SIERLIKE DOILIES VIR DIE KERSTAFEL

Versier jou tafel vir die Kersgety, of 'n ander feestelike geleentheid, met fyn afgewerkte linnedoilies

foto's RAKAM

▲ 'n Fyn blaarmotief van uitknipwerk.

'n Fyn blommerandjie in wit. ▶

'n Kruissteekblommekransie in V-vorm en 'n pienk halfmaanomboorsel. ▲

'n Blaarrandjie met 'n tulpmotief in wit. ▼

BENODIGDHEDE

Vir elke doilie: baie fyn linne; 21 x 21 cm; vir doilies met gehekelde omranding DMC Cébélia nr. 30 (20-g-bolle); hekelpen van 0,75 mm, vir geborduurde doilies DMC spesiale stringkatoen (mouliné), donkerpienk, ligpienk, mauve, donkergroen, liggroen, blou, turkoois, ligoranje, donkeroranje, en geel; bypassende borduurnaald; merkerpen met ink wat in water oplosbaar is.

AFKORTINGS

gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; dsl – dubbelslagsteek; driesl – drieslagsteek; viersl – vierslagsteek; vyfsl – vyfslagsteek; herh – herhaal; grh – gare rondom hekelpen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spasie(s); vlg – volgende.

Let op dat 3ks die eerste lb van 'n rondte vervang; 5ks vir 'n vyfsl.

Trossie: 3 driesl in elk van vlg drie ks-lusse, maar hou laaste lus van elkeen op hekelpen, grh en trek deur al 10 lusse om saam af te werk.

AANWYSINGS

Vir geborduurde lappies: Gebruik skets en trek 'n geskulpte sirkel af met 2 diep kepe in teenoorgestelde kante (5 cm diep), wat die lappie in 2 halfsirkels verdeel. Werk die rand met kombersteek af, gebruik pienk of liggroen. Trek dan die motiewe af en borduur met fyn kruissteke volgens gekose diagramme, gebruik stringkatoen dubbel, oor 3 drade van die linne, horisontaal en vertikaal.

RANDJIE MET TULPMOTIEF

Hekel 'n ketting met 'n veelvoud van 12 ste wat presies om rand van doilie pas; verbind met glipsteek om 'n ring te vorm.

1e rondte: (1kb, 5ks, slaan 2 ste oor) rondom, maar eindig met 2ks, 1lb in 1e kb, om in die middel van laaste 5ks-lus te eindig.

2e rondte: Hekel 'n driesl-trossie en daarna 3ks, 1 vyfsl, 2ks, 1 viersl in 2e "draaisteek" van vyfsl, 2ks, 1driesl in 2e draai van viersl (1dsl, in 2e draai van driesl) 2 keer, 2 ks, 1driesl in volgende draai (afwaarts), 2ks, 1 viersl in daaropvlg draai, 3ks; herh van * rondom, maar eindig met 1lb in bopunt van trossie, draai en glipsteek tot middel van 2ks-ls, draai weer en hekel 8ks.

3e rondte: *(1lb in 2ks-sp, 5ks, 1lb in bopunt van vlg lb) 5 keer, 1lb in laaste 2ks-sp, 5ks*; herh rondom en eindig met gs in 3e van 8 begin-ks.

Knip gare af en heg netjies af.

FYN WIT BLOMMERANDJIE

Hekel 'n ketting met 'n veelvoud van 10 ste wat presies om rand van doilie pas; verbind met 'n gs.

1e rondte: 1kb in elke ks.

2e rondte: Hekel in 1kb: *(1dsl, 5ks, 1dsl in bopunt van dsl, 1dsl), 5 ks, slaan 3 ste oor, 1kb, 1ks, slaan 1 st oor, 1kb, 5ks, slaan 3 ste oor*; herh van * tot * maar eindig met gs in dsl.

3e rondte: Hekel in 5ks-sp: *(4lb, 2ks) 2 keer, 4lb, 1ks, 1lb in 1ks-sp tussen die twee kb van vorige rondte, 1ks; herh van * rondom, eindig met gs in bopunt van eerste st.

4e rondte: Gs in laaste van 4lb van eerste klawerblaar en hekel: *1kb, 3kb in lus, 1kb in eerste lb van vlg blaar, 3ks, 1lb in laaste lb van 2e klawerblaar, 3kb in sp, 1kb in eerste lb van 3e klawerblaar, 2ks*; herh van * tot * oor elke klawerblaar, eindig met gs in 1e blaar.

5e rondte: Gs tot 3ks-sp en hekel *(1lb, 1ks, 1picot, nl. 3ks, 1gs in basis van 1e ks) herh van * tot * 5 keer, 1lb in sp, 2ks, 1kb in 2ks-sp tussen een klawerblaar en die volgende, 2ks*; herh van * tot * rondom, eindig met gs in 1e st.

Knip gare af en werk netjies af.

Rosies in kruissteek en 'n groen skulpomboorsel

'n Skulpvormige blommekransie in kruissteek en 'n pienk halfmaanomboorsel

'n Skulpmotief van uitknipwerk

DIAGRAM VIR BORDUURMOTIEWE





● – donkerpienk	V – blou
V – ligpienk	o – turkoois
– – mauve	+ – oranje
I – liggroen	II – donkeroranje
	▼ – geel